Pioniers en Spanbou program
(Inleiding)

Visie

"Bewustheid van die verlede skep n meer doelgerigte toekoms" -PJS Vermaak

Wilgewandel Vakansieplaas skep met die Pioniers en Spanbouprogram die regte platform om huidige en toekomstige leiers te onderrig deur middel van kulturele en natuur erfenis. (Stap in die voetspore van jou voorvaders)

Goed opgeleide fasiliteerders sal die groep motiveer met die doel om hul selfbewustheid en selfvertroue te verbeter. Dit sal hulle ook help hoe om meer doeltreffend te kan aanpas
in 'n diverse kultuur en religieuse samelewing soos Suid–Afrika. **(Laer en Hoërskole program).**

Ons kan begin deur 'n samelewing te skep deur 'n meer hoopvolle toekoms vir ons jeug te beloof deur die leiding wat ons hul gee. Hulle is immers die leiers van die toekoms.

(Korporatiewe program)
Dit is ook van uiterse belang dat ons die korporatiewe wêreld moet betree met hierdie Pioniers filosofie. Die ekonomiese en maatskaplike sukses van 'n land soos Suid-Afrika lê in die hande van ons huidige korporatiewe leiers. Hulle skep die platform waarop ons jeug moet voorbou.

(Agape program)
Dieselfde beginsels is van toepassing op die religieuse arena. Ons benodig ware Christen pioniers wat ons samelewing kan lei deur middel van die nuwe toekomsgerigte pioniers filosofie.
Die sukses van enige samelewing word bepaal deur die religieuse fondasie wat ons leiers op geestlike vlak skep in ons skole, kerke, korporatiewe arena en in ons families en gesinne**.**

Wat behels die Pioniers filosofie en wat is die ware Pionier?

Die werkwoord betekenis van die woord Pionier behels die volgende:
- Om die weg te baan deur nuwe innoverende idees
- ***neem die leiding*** of inisiatief in: neem deel in die ontwikkeling van;

Die pioniers filosofie bestaan uit 5 beginsels, nl. geloof, geduld, respek, deursettingsvermoë en dapperheid. Die verlede het ons geleer dat die pioniers van die verlede hul suksesse bereik het deur middel van die bogenoemde beginsels. Vandag moet ons dit toepas om 'n meer doeltreffende toekoms te skep.

Die ware pionier kyk verby ras, geloof en kultuur. Hy/Sy sien die mens agter dit en het ten doel om die kulturele en religieuse diversiteit van die groep te benut tot voordeel van elke individu in die betrokke groep. Hy/Sy tree altyd met die nodige geloof en positiwiteit op wat tot voordeel strek tot die groep. Hulle is altyd 'n toonbeeld van geduld en tree kalm op onder druk situasies om kort en langtermyn doelwitte te kan bereik. Hulle tree altyd op met respek veral teenoor persone van n ander kultuur en geloof. Respek begin altyd met jouself - respekteer eers jouself voor jy ander mense kan respekteer. Hulle glo dat sukses net bereik kan word deur harde werk en deursettingsvermoë. Elke problem wat in hul pad staan word as 'n uitdaging gesien. Hul positiewe leefstyl is altyd 'n toonbeeld van dapperheid. Hulle lei met die nodige visie en integriteit en is altyd kreatief en innoverend met die bereiking van doelwitte. Die pioniers gees wat hulle openbaar skep altyd sinergie tussen groepe van diverse kulture en gelowe.

*****Ons fokus op die leierskap model van Mnr Nelson Mandela, vorige Staatspresident van Suid-Afrika. Sy leefwyse was 'n toonbeeld van 'n ware pionier.**

Die **Pioniers en Spanbou program (Laer en Hoërskole**) word aangebied in ‘n spesiale dagprogram by Wilgewandel vakansieplaas wat op ‘n rotasiebasis geskied in samewerking met die Kango Grotte. Die Kango Grotte is gelëe 2km (5 minute) vanaf Wilgewandel.

Die dagprogram sluit die volgende aktiwiteite in:

1. **Wilgewandel ‘ Amazing Race’** (Inleidende aktiwiteit)
2. **Kameelritte** (Interessante feite oor die kamele / sluit ritte in)
3. **Wilgewandel H20 – Water ekologie** (Water siklus/ Aardverwarming)
   (ware pioniers glo in positiewe denke – dit skep hoop)
4. **Kango Skattejag** (Biodiversiteits bewaring)
   (Ware pioniers glo kennis gee mag)
5. **SA Pioniers ondervinding** (Historiese insig in SA se kulturele diversiteit)
   (Ware pioniers glo in kulturele respek)
6. **Lae vlak Hindernisbaan** (Spanbou/ Leierskap aktiwiteite)
   (Ware pioniers glo in spanwerk)
7. **Opsionele aktiwiteite** (roeibote/ foefieslide/ donkiekar ritte/ trapkarre/ ghwarra golf)
8. **Ontbyt / middagete / aandetes is beskikbaar by Wilgewandel.**

Die Agape Christelike leierskap program vir Kerkgroepe / Sondagskole en Christelike Jeuggroepe Bestaan uit die volgende aktiwiteite:

1. Kameelritte
2. Bybelse Skateejag (Ontdek die fauna en Flora van Bybelse tye)
3. Bybelse Pioniers ondervinding (Stap in die voetspore van die vroëe Bybelse pioniers)

Die korporatiewe Pioniers en Spanbou program bestaan uit die volgende aktiwiteite:

1. Kameelritte / Foefieslide ritte
2. Wilgewandel ‘ Amazing Race”

Ander redes om Oudtshoorn te besoek

1. Kango Grotte (2km vanaf Wilgewandel) – Avontuur / Standaardtoer (044) 272 0878
2. Kango Volstruisplaas (10 km vanaf Wilgewandel) – Volstruisritte
3. Cango Wildlife Farm (25 km vanaf Wilgewandel) – Vat aan ‘n cheetah
4. CP Nel museum (27 km vanaf Wilgewandel) – Die storie van die volstruisbedryf)

Akkommodasie vir skoolgroepe

1.	Kango Bergoord (7 km vanaf Wilgewandel)	(044) 272 4506
2.	De Hoek Bergoord (7 km vanaf Wilgewandel)	(044) 272 8214
3.	Schoemanspoort (9 km vanaf Wilgewandel)	(044) 279 1766

Wilgewandel kan wel etes verskaf aan groepe wat by bogenoemde oorde bly.
Die dagprogram by Wilgewandel vakansieplaas kan die Kango grotte bespreking insluit.
Die bespreking van die Kango Grotte bespreking word deur Wilgewandel gemaak, terwyl die betaling van die grotte bespreking apart geskied.

Indien u meer inligting benodig oor bogenoemde Pioniers en Spanbou programme vir Laer / Hoërskole, Agape program en korporatiewe program is u welkom om Wilgewandel te kontak by :

Peet Vermaak / Pienaar Muller / Hennie Muller
Tel.Faks: (044) 272 0878
Faks na e-pos : 086 6177 036

E-pos : school@wilgewandel.co.za